

Touleier – Suid Korea vervolg..

Van die blywende indrukke wat ek saamdra van Suid Korea is hoe groen en hoe veilig die land is. Dit, ten spyte van die onderliggende spanning wat daar heers weens die voortslepende gevaar wat hulle noordelike bure inhou. Ek het met verbasing gesien hoe 'n jong meisie van niks meer as vyftien, laat aand, stoksielalleen, in die buitewyke van die dorpie waar ek bly, huis toe stap. Doodluiters, sonder haas, sonder vrees. My skoon jaloers gemaak. Terug geneem na my kinderdae in Upington. Van kennetjie speel tot dit donker word. Van hoe elke ma na al die kinders van die buurt omgesien het asof almal haar eie was. Hoe ek my skooltassie die volgende dag weer kon optel halfpad skool toe. Net daar waar ek hom vergeet het toe ek agter 'n bloukop koggelmander aangehardloop het.

So kon ek sien op die meisie se gesig hoe sy aan lekker dinge dink terwyl sy rustig huis toe dreutel.

En die vriendelikheid van daai mense. Ek kom een vroegeand 'n eetplekkie waar ek gou ietsie gaan tand het uit pure luiheid om self kos te maak. Buite kry ek my ryding het 'n pap wiel. Die spaarwiel is in ewe luglose toestand. Nou wat nou? Ek is voor 'n droogskoonmaker geparkeer. Die is nog oop. Ek stap in en begin die gesukkel om te kommunikeer. Engelssprekendes is soos hoendertande. Die man voor my is geen uitsondering nie.



Hoe gaan ek aan hom verduidelik ek wil weet waar ek die buiteband kan laat regmaak? Einde raad, wink ek hom na buite wys hom my penarie.

Hy maak die internasionale gebaar van 'n mens wat jou sleutels soek en hou sy palm uit. Ek besluit ek gee dit vir hom, maatskappyvoertuig of te nôt.

Hy beduie weer met sy twee hande saamgeslaan teen mekaar teen sy wang, kop sywaarts, universele teken van slaap. Die meegaande vraagteken op sy gesig vra: "Waar bly jy?" Ek gee hom die visitekaartjie wat spesiaal by die werk vir my gedruk is indien ek vir iemand my adres wil verskaf soos om iets af te lewer. Hy begin sy winkel sluit en beduie ek moet huis toe gaan. Ek loop al verder in die vertrouens-tonnel in. Gelukkig bly ek naby. Ek sal maar die volgende oggend terugkom nadat ek eers vir Ralph geskakel het om te vertel ek gaan laat by die werk wees. Tienuur die aand is daar 'n klop aan my deur. Die man van die droogskoonmaker. Breë glimlag op die bakkies. Hy oorhandig my motorsleutels.

Ek haal my beursie uit. Hy beduie nee, hy wil niks hê nie. Ek besef dat hy die storie nie alleen kon doen nie, hy moes hulp gehad het. Van toe af is ons groot maats hoewel ek tot vandag nie weet wat sy naam is nie.

Hy het wel 'n baie getroue en gereelde nuwe kliënt gekry wat sommer maklik iets laat skoonmaak het al was dit nie baie vuil nie. Hierdie was ook nie 'n geïsoleerde geval nie. Meeste Suid Koreane is vriendelik en behulpsaam. As ons mekaar maar net kon verstaan!

Soos ons in Chili ons Spaans opgekikker het deur hulle fliëks, veral die met onderskrifte, op TV te kyk, het ek ook probeer met Koreaans. Jammerlik gefaal.

Al wat ek wys word, is wanneer daai kêrel by sy tweedehandse motorbesigheid so uitstorm en skree "Kamsammiedaa!", dan beteken dit iets soos "welkom hier!" Nou die dag sien ek 'n paar Koreane en groet hulle spontaan met "Kamsammiedaa!" Ek is steeds nie seker of hul welkom gevoel het en of hulle gedink het ek is van lotjie getik nie.

Hennie Greeff – Onrusrivier

RAAI RAAI RIEPA!

Ons raaisels die maand wil kyk of jy weet waarvandaan die idiome kom wat ons gebruik.

Wat beteken en wat is die herkoms van “*Die emmer skop?*”



Nou:

Wat beteken “*Die lepel in die dak steek?*” en wat is die oorsprong?



Lees die volgende sinnetjie:

FOUTIEWELIK WORD FEITE FLATERS, SOMS VERDRAAI OF VERDOESEL, BEWUSTELIK OF NIE, GLO VRYELIK DIE FEIT OF NIE.

Tel nou al die F's in die sin, net een keer, anders kroek jy en haal die pret daaruit.

DAN DIE LAASTE EEN:

Die maker benodig dit nie.

Die koper gebruik dit nie.

En die gebruiker weet dit nie.

Wat is dit?

Kyk onder aan die brief, na Agteros, vir die antwoorde

Bakkiesboek Bakkerasies

Stuur vir ons jou snaakse boodskappe!



Forwarded

Ek het vanoggend vir die eerste keer dagga gerook. Dis regtig nie so erg nie. Ek's tans op die trein oppad werk toe.



+27 82 771 0233 - Marie Faure

Forwarded

"Plekspykertjie":-

Dis 'n mooi Afrikaanse woord vir "Pindrop"!

Pasop om nie deurmekaar te raak met "Spykerplekkie" nie, dis iets heel anders!



14:07



'n Vlaamse insig in ons Afrikaner Kultuur.

Linda Kestens vertel hoe die dinge wat ons doen, gelyk het vir 'n inkommer uit België.



Septembermaand het Gerhard en Louisa Van den Berg vanuit Gauteng 'n Kaapse draai kom maak. Gelukkig was 'n besoek aan ons Kestens familie ook in hulle reisbeplanning.

Gerhard is 'n meganiese ingenieur en destydse kollega van my man. In sy vrye tyd het hy ure in sy garage gewerskaf om sy 1933 Ford en 1972 Rolls-Royce in stand te hou.

Louisa was 'n tuisbly ma van die tweeling Stephan en Helana en drie jaar later klein Bertus. By haar het ek geleer van toebroodjies maak. Marmitebroodjies, grondboontjebotter met stroop broodjies, worsrolletjies met pienk viennas en All Gold tamatiesous broodjies en die belangrikste, Oros koeldrank. Louisa het net geweet hoe om 'n paar honger kindermagies tjop tjop stil te kry.

"...boterhammen met muizenstrontjes..."

Vreemde smake vir 'n Vlaamse Belg. In België eet ons boterhammen met 'n snytjie ham of Hollandse kaas, boterhammen met konfituur (konfyt), boterhammen met muizenstrontjes (sjokoladesprinkels) of Nutella en kinders drink limonade.

Na sewe jaar in Suid Afrika het ek geken van 'Transvaal kos' ! Mieliepap met sheba en braaivleis, die mieliepap geroer met 'n hout paplepel. Louisa se paplepel het pap gemaak, fudge gemaak en een het selfs 'n naam gehad, 'Plakkie'.

Haar kroos het vir Plakkie goed geken.

Die eerste dag van die nuwe skooljaar het Juffrou Cecilia Malan die graad een klas en hul ouers verwelkom en die basiese skoolreëls en rooster verduidelik. Sy vra toe of een van die nuwe leerlinge braaf genoeg sal wees om vir die hele saal 'n versie voor te dra.

Uit die bloute, lig Louisa se klein Stephan sy armpie, staan flink op en begin.

"My pa lê onder die kar en werk in die garage, en poep soos 'n mirage."

Vir vier sekondes was daar 'n volledige stilte, tot Juffrou Malan 'n applous vra vir hierdie moedige seuntjie wat ons almal so verras het.

Louisa bestuur vandag 'n Postnet in Johannesburg en Gerhard werk steeds aan sy versameling ou karre en hulle het net meer geword. Van hulle laat los nog steeds so nou en dan 'n mirage geluid of twee. - Linda



Giggels



Kersfees boom te koop.
Wanneer jy hom aansteek
sal jy 3 wyse manne, 7
dwergeries, Kersvader en
selfs tak bokke sien. 08:50

Seniors Bestuurslisensie
Oogtoets



Hoe lank dit geneem
Om haar apie raak te sien?

Haar Wat?!
Jammer jy Dop!

Hulle het bepaal Implemente toon ook emosies.
Kyk hoe gelukkig is my Mikrogolfoond
nou dat ek hom op sy sy gedraai het



Boemerang Boertjie

Ray Theron skryf van daar doer onder



As die wa die osse trek

Mense, veral Suid-Afrikaners in die ou land, vra my dikwels om die situasie met die land se Aborigenes bevolking te verduidelik. Dit is, kortweg, 'n rare situasie.

So 'n raps minder as drie persent van die land se 25,891,825 inwoners beskou hulself as Aborigenes, dus 'n beduidende minderheid. En dis hier waar ek sommer dik die dinges in raak. Want, sien, die handjievol het voorregte was die res van die land se bevolking nie het nie.

As 'n Aborigeen is jy geregtig op goedkoper behuising, spesiale mediese tariewe, toelaes vir studie, vir enkel-ouerskap, goedkoper medisyne en nog meer AL WERK JY VOLTYS OF DEELTYS! Vroulief het 'n paar jaar lank saam met 'n vrou gewerk wat as Aborigeen geklassifiseer is ("Rasse klassifikasie," Vra jy? Ja-nee, dit is hier aanvaarbaar!). Dié vrou het 'n beter pos as my vrou gehad, en nogtans was sy geregtig op staatsbhuising, gratis skoolopvoeding vir haar kinders en al die bogenoemde mediese bystand. Sy, soos al haar rasgenote, het toegang tot spesiale staatsdepartemente wat nêr vir hulle is.

En die kersie op die miskoek? Hulle het hul eie vlag! En nie net vir by die huis ophang nie! Nee, dié vlag wapper voor of op elke staatsgebou, munisipale kantoorgebou en selfs mediese sentra soos klinieke en hospitale.

Met ander woorde, hier het ons 'n etniese groep wat nie eens 5% van die bevolking uitmaak nie, maar hulle het hul eie vlag, eie staatsdepartemente en ander voorregte wat die res van ons nie beskore is nie. Klink nogal bekend, nê? Ja, ek het ook dadelik aan tuislande gedink!

Ja, ek weet wat baie sê: dis om die arme goedjies te vergoed vir die narigheid wat die Britte aan hulle gedoen het. "En," loop hulle te vertel, "julle wittes het ons land gesteel!"

Kom ons kyk 'n bietjie na die situasie toe die Britte en later ander hier aangeland het.

Die nagenoeg 500 stamme was verspreid oor die 7.692 vierkante kilometer van die Australiese landmassa en eilande. Hulle het elk hul eie taal, kultuur, gewoontes ens. gehad. Aborigenes destyds het die land as iets beskou waarna hulle moes omsien, maar (nes die San) het hulle nie daaraan geglo dat 'n mens grond kan besit nie. Elke stam het in sy eie, vaag-omskrewe, gebied rond getrek. Hulle het geen permanente nedersettings gehad nie, het nie eens die Steentydperk ingegaan nie, het geen geboue opgerig nie, het geen besef van nasionaliteit gehad nie en het nie die vaagste benul gehad dat 'n mens land of dier of plant kon besit nie. Hulle was nomadiese jagter-versamelaars.

Onthou, die spulletjie het sowat 50,000 jaar gelede hier aangeland, vermoedelik vanuit Asië, en was – tot met die koms van die Europeërs – afgesny van ander groepe. Vandaar hul primitiewe leefwyse. Anders as wat die geval op ander vastelande was, het hier geen vermenging of vernuwung plaasgevind nie. Ondertrouery was heelwaarskynlik toe, soos nou, niks vreemd nie.

Toe die Britte hier aangekom het, was daar na raming sowat 250 000 Aborigenes op die vasteland. Vandag is daar omtrent 745,000 van hulle, dus gaan dit nie te sleg met hulle nie! Terloops, die volwasse Aborigenes maak sowat 2% van die land se bevolking uit, maar 28% van die land se tronk bevolking! Die verskonings is vele, maar almal maar eina, op die keper beskou.

En nou, na al die jare se gepamperlang van opeenvolgende Australiese regerings sedert die land in 1901 sy huidige vorm aangeneem het, wil dié 3% 50% sê hê in wetgewing! Praat van die wa wat die osse wil trek!

**DIS MOEILIK OM NIKS TE DOEN NIE,
JY WEET NOOIT WANNEER JY KLAAR IS NIE**

KAMMAWÊRELD

Die dubbelgleuf-eksperiment: 'n Eksistensiële kan vol wurm


deur Maryna Blomerus




Die bekendste, belangrikste en mees bizarre eksperiment in fisika is ongetwyfeld die dubbelgleuf-eksperiment. Dit beliggaam kwantummekanika se kontra-intuïtiewe wêreldvreemheid. Kom ons kyk waarom dit beide 'n eksistensiële vraag en uitroepete is.

Die eksperiment sentreer rondom golwe en deeltjies – twee baie verskillende werklikhede. Deeltjies is solied en diskreet (soos 'n bal) terwyl golwe ononderbroke beweging in 'n medium is (soos klankgolwe wat deur lug gedra word). Deeltjies wat mekaar raakbeweeg, stamp mekaar weg terwyl golwe met mekaar interfeereer met helder stroke waar hulle in fase is, afgewissel deur donker stroke waar hulle uit fase is.


Elektrone is elementêr deeltjies en dus nie onderverdeelbaar nie. 'n Enkele elektron kan met relatiewe gemak geïsoleer en mee geëksperimenteer word. Een so 'n eksperiment is die dubbelgleuf-eksperiment. Die dubbelgleuf-eksperimente met elektrone is basies dieselfde as vir die bekende Thomas Young dubbelgleuf-eksperiment met lig wat mos só lyk:





Om dit eenvoudig te hou, vuur ons net een elektron op 'n keer af.



Waar vind ons die elektron? Reg in die middel agter teen die skerm. Hoe het dit *daar* beland en nie reg agter een van die gleuwe nie? Kom ons hou aan om elektrone deur die apparaat te stuur. Die volgende een verskyn...




... min of meer in lyn met die linkerkantse gleuf. Dis baie beter. Nog een.



Nog een...

En teen die tyd dat ons elektrone op is, herinner die resultaat ons aan iets wat ons ken... 'n




interferensiepatroon nie. Sowaar.

Waar kom die interferensiepatroon vandaan as ons net een soliede elektron op 'n keer afgevuur het? Elke elektron vertrek as 'n enkel-elektron – 'n deeltjie – en arriveer as 'n deeltjie, maar skyn gelyktydig deur albei gleuwe te gegaan het, met homself geïnterfereer het, en uit te gewerk het presies waar om homself op die skerm te plaas om sy eie klein bydrae tot die algehele interferensiepatroon te maak.


Maak een gleuf toe en die deeltjies hoop reg agter die oop gleuf op, sonder die interferensiepatroon. Elke elektron 'weet' op die een of ander manier of daar nog 'n gleuf oop is of nie. Dit klink soos wetenskapfiksie!

Hipersensitiwe instrumente het iets verrassend geopenbaar omtrent die interferensiepatroon van lig wat teen die skerm geregistreer word. Die golfagtige interferensiepatroon is nóg glad nóg ononderbroke. Die ligverklikkers by die agterste skerm registreer presies een eenheid lig op 'n slag – nooit minder nie, nooit meer nie. Die interferensiepatroon bestaan bloot uit 'n opbou, oortyd, van die geakkumuleerde eenhede van ligenergie wat deur die ligopspoorders geregistreer is – net soos met elektrone.




'n Liggolf is opgemaak uit individuele eenhede van lig.

Om uit te vind wat by die gleuwe aangaan, plaas ons 'n elektronverklikker by beide gleuwe. Telkens wanneer 'n elektron (of foton) deur 'n gleuf gaan, sal die verklikker dit registreer.



Dit blyk dat die elektron altyd deur net een van die gleuwe gaan. Waar kom die interferensiepatroon dan vandaan?

Dis tyd vir sitplekgordels vasmaak: wat hierdie nuwe dubbelgleuf-opset met sy verklikkers registreer, lyk skielik soos volg:



Die interferensiepatroon het verdwyn. Spoorloos. Daar is nou net twee hopies elektrone in lyn met die gleuwe. Met verklikkers sien ons deeltjies. Daarsonder sien ons 'n interferensiepatroon.

Hoekom?

Dalk deflekteer elektronverklikkers by die gleuwe die trajek van die elektron of beïnvloed die eksperiment die resultaat op die een of ander wyse? 'n Reeks eksperimente om presies sulke hipoteses te toets, is op elke denkbare wyse uitgevoer en dit skyn nie die geval te wees nie.

Na hierdie fenomeen word daar met sublieme selfbeheersing verwys as 'die waarnemereffek'. Wanneer ons iets op kwantumvlak meet, sal die blote daad van meting 'n effek daarop hê. Indien ons daarop aandring om te weet deur watter gleuf die deeltjie beweeg het, moet daar 'n deeltjie by een van die gleuwe verskyn sodat daar 'n antwoord op ons vraag is. Ons nuuskierigheid forseer die deeltjie om te bestaan. In die afwesigheid van 'n waarnemer wat waarneem, bestaan daar net 'n golfpatroon.

Die sogenaamde uitgestelde-keuse eksperiment toon boonop dat 'n arbitrêre keuse wat geneem is ure, dae, maande, selfs jare nadat 'n eksperiment afgehandel is, die resultaat van daardie eksperiment kan verander. Deur die resultaat te verander, word bedoel dat daardie uitgestelde keuse die werklike plek waar die elektrone gaan tref, soos geregistreer deur die elektronverklikker by die agterste skerm ('n gebeurtenis wat veronderstel is om in die verlede te lê) iewers in die toekoms bepaal sal word.

Die fisikus, Paul Davies, stel dit so: "Die verlede kan gevorm word deur waarnemings wat ter enige oomblik in die kosmologiese toekoms gemaak word". John Wheeler maak die verbysterende voorstel dat 'n heelal sonder waarnemers dalk nie kan bestaan nie. Is dit moontlik dat die heelal nie 'n tasbare bestaan gehad het totdat bewussyn op die toneel verskyn het nie? Beteken dit dat ons waarnemings 'n geskiedenis vir die heelal van voor ons verskyning skep?

Dink mooi en diep hieroor.

Nog 'n keer, met gevoel.

Volgende keer waag ons dit dieper in haasgat!

Spreekkamer- Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe



Ou oompie September is al baie weke lank in die hospitaal vir sy hart en die dae gaan maar langsaam verby. Sy liewe vrou kom elke middag op besoek en sit by hom en brei. Die gesels droog gou op en dan sit hy maar regop in die bed en bekyk die ander besoekers.

'n Jong verpleegster kom die saal binne en sy oë volg haar oulike lyfie tot by die ander kant van die saal.

Dit is toe dat sy vrou opkyk en sê: "Toe, los uit die nurste – bepaal djou by djou pyne!"

Agteros -kort voor slaaptyd

WAAR IS MY ANDER SOKKIE?!

Soos die meeste getroude mans weet, is die skoner geslag se koppe nie aldag lekker opgeskroef nie. Ons aanvaar hulle beskik nie altyd oor die vermoë om logies te redeneer nie, en raak soms emosioneel oor enige twak. Daar is selfs 'n boek *Men are from Mars, Women are from Venus* wat veronderstel is om mans te help om vrouens te verstaan. Die probleem is egter dat mans nooit handleidings soos die gaan lees nie.

'n Man het nie 'n boek nodig om 'n TV in te stel nie, en hy het ook nie 'n boek nodig om vir hom te se hoekom 'n vrou se kop raas nie. Dit is soos die son en die maan, dit gebeur daagliks en ons aanvaar dit maar so. Soos my storie hieronder:



Nou kyk, my Namakwa-kaktussie is eintlik 'n baie selfstandige vrou. Maar laas Vrydag het sy besluit dit is tyd om daai tweeslag-motor in Haar kop aan die gang te sit, en glo my so 'n tweeslag kan raas.

Dit was weer 'n Vrydagmiddag en ons was laat vir 'n smousbraai! Ek was egter net effens laat, want die braai het vieruur begin en ek was eers sesuur genooi. Elk geval, so in die aantrek kry ek nie my sokkie nie en ek maak my eerste fout van die aand.

Ek vra vir mamma waar is my sokkie. Ek dink dit was 'n geldige vraag, want sy was immers die persoon wat dit laaste gehad het: Sy het dit gewas, opgehang en van die wasgoeddraad afgehaal.

Maar nee, dis toe nie 'n goeie vraag nie, want ek kry toe so die wit van die oog (dit is soos 'n baie vuil kyk) en 'n sarkastiese antwoord dat sy nie my sokkies dra nie. Nou ek weet sy dra nie my sokkies nie, en dit was nie my vraag nie, ek wou weet of sy weet waar dit is, want sy het dit laaste gehad. Maar om 'n pakslae te vermy het ek maar stil gebly en self begin soek.

Nou hou mamma nie van laat wees nie. So wat maak sy? Sy gaan sit in die kar en wag met die oondskottel op die skoot en 'n halwe bottel rooiwijn (waaraan sy al van vyfuur af teug) tussen die voete.

..Daai Kaktussie begin toe sulke dorings uitslaan,..

Intussen skrop ek in die huis rond op soek na my sokkie se maat. Dit was nie lank nie, toe is mamma terug in die huis en wil weet hoekom ek so draal. Ek verduidelik dat ek nie my sokkie kry nie, en ek maak toe my tweede fout en se dit is omdat die huis so deurmekaar is.

O, jinne, was dit nie 'n fout nie! Daai Kaktussie begin toe sulke dorings uitslaan, en dorings laat haar harder praat. Sy blameer toe die deurmekaarspul op my varksugtigheid en dat dit eintlik my skuld is dat die huis so lyk.

Net daar maak ek my derde fout en wys vir haar alles wat rondlê, en dui ook aan op die feit dit is haar plakkies in die hoek, dit is haar glas op die koffietafel, dit is haar bord op die kombuistoonbank, dit is haar trui op die sitkamerbank, dit is haar skoolsak in die gang.

Toe besef ek nou is ek in die moeilikheid, want ek was reg. Jy ken daai gevoel, jy dink jy het gewen want jy het haar verkeerd bewys, maar eintlik het jy so pas jouself bygekom. Ek kry toe weer daai stywe lip en besluit boggier die sokkie en trek 'n Paar plakkies aan.

Nou op pad in die kar kan ek sien Kaktussie wil baklei, maar sy weet net nie hoe om te begin nie. Sy moet mos nou die storie so draai dat dit my skuld is. Vra toe of ek dink sy is 'n skoonmaker? Ek weet toe wat ek ook al se, gaan verkeerd wees en ek se toe maar net ek is lief vir haar en dat ek wil nie baklei nie.

Maar praat wil sy praat, hulle gaan mos so deur die trappe van vergelyking daai tyd.

Die gunsteling een is ek is nie jou ma nie, daarna, ek is nie jou bediende nie, en dan ten laaste se hulle jy moet van nou af jou eie wasgoed was.

Maar ek was rustig het nie tee gepraat nie, want haar kombuis vloermoer was nog vars in my gedagtes.

Maar so aangekom by die smous is daar niks fout nie, die glimlag word weer opgesit en mamma en pappa is lief vir mekaar.

In die kombuis vertel sy egter vir die vrouens hoe deur die blare ek is, en in die kroeg vertel ek vir die manne hoe in die sop ek is.

Die aand was egter 'n sukses, die tweeslag-enjin se olie het opgeraak en die koppie het opgehou raas en mamma was weer normaal.

Ook net totdat ons by die huis kom en ek daai voordeur oopsluit. Toe ek daai sleutel draai, is dit asof ek daai tweeslag weer aan die gang skop, maar pleks olie is hy nou vol rooiwyn en nou raas hy eers.

Ek dog ek klim nog so in die kooi en lê my kop neer vir 'n goeie nag rus toe hoor ek iemand breek die skottelgoed. Ek skrik so groot ek draai om om haar wakker te maak en se iemand breek haar borde, maar sy is nie daar nie.

Ek gaan stel ondersoek in en daar staan my Kaktussie, twee-uur in die oggend besig met die skottelgoed. Sy was dit nie normaalweg nie, sy was dit met klinkende simbale, aspris so hard dat ek nie kan mis dat sy skottelgoed was nie.

...Mos nou nog so effe lus ook na 'n braai, maar nee, mamma is op 'n missie...

Ek het nog probeer mooipraat en soebat dat sy moet kom lê, want pappa is Mos nou nog so effe lus ook na 'n braai, maar nee, mamma is op 'n missie.

Man, ek het net ingesluimer toe sit sy daai Elektrolux aan. Ek kry so 'n koue rilling toe ek wakker skrik. Weet jy hoe klink 'n stofsuier drie-uur die oggend as jy winddronk is? Nou word daar gesuig, ek word mos nou gestraf.

Gelukkig het ek later my bewussyn verloor en kon ek verder slaap. Ek weet nie wanneer daai koppie ophou raas het nie, maar toe ek die volgende oggend wakker word lê mamma langs my, nog ewe met haar geel rubberhandskoene aan.

Ek staan toe later saggies op om met 'n bruinbeer te gaan worstel wat in my maag grom. Ek loop soos 'n trapsuutjies na die badkamer en laat sak die sitplek stadig, maar toe daai eerste plonsgeluid die water tref, staan mamma langs my!

Nou moet jy weet dit kan nie 'n mooi gesiggie wees nie, die hare staan soos 'n bosheks, die gesiggie is vol plooië gelê met die oë so effe rooi soos gisteraand se wyn. Dan staan daai vuisies nog so gebal met die geel rubber handskoene ook.

"Wat maak jy?" vra sy

Nou weet ek nie mooi wat om te antwoord nie, sy lyk asof sy kan moor.

"Ek bollie", antwoord ek haar toe maar eerlik.

Sy het toe eintlik net vir my kom se dat ek nie teen die rand moet bollie nie want sy het skoongemaak, en toe gaan slaap sy weer.

Ek moet bieg die huis was silwerskoon, maar my blerrie sokkie is nog steeds weg.

Ek dink ek het dit by die gimnasium verloor, maar dit is tussen ons en my vrou hoef dit nie te weet nie



Antwoorde vir RAAI RAAI RIEPA**Die emmer skop:**

'n Foutiewe leenvertaling van die Engelse "Kick the Bucket" - die "Bucket" was die balk waaraan pas geslagte diere gehang is en wat met hul laaste stuiptrekkings teen die balk geskop het.

Lepel in die dak steek:

Die uitdrukking lepel in die dak steek as versagting vir doodgaan het ook 'n variant, naamlik sy lepel in die dak steek. Dit verwys dan na kenmerkend Suid-Afrikaanse verskynsel van huise met lae dakke, aangesien dieselfde uitdrukking in ander tale verskil omdat die lepel in die muur gesteek word. Die simboliek is dat iemand vir die laaste keer geëet het. aangesien dit skynbaar vroeër in huise sonder kaste die gewoonte was om na ete jou lepel in die dak te steek. In Drente was dit *de vork neerleggen* in Limburg is die paplepel weggelê. in dialektiese Engels is die lepel in die muur gesteek. in die Nederduits van Berghaus is die lepel weggesmyt, en in Mecklenburg is die lepel ook in die wand gesteek. Ou prente toon lepels wat in leerringe teen die muur hang

Die hoeveelheid F's:

Kry jy 4? Jy is heel normaal, meeste mense kry dit.

5? Jy is bo gemiddeld. 6? Sit jou slim kind! Daar is egter 7 wat net geniale mense sien.

Hulle se dis die brein wat bo-oor die F van OF lees of dit as 'n V sien.

RAAISEL:

Die maker benodig nie, koper gebruik nie die doodskis nie, en die gebruiker nie weet nie hy gebruik hom nie.

GESEËND IS JOU FEESTYD, SIEN JOU IN DIE NUWE JAAR!